

Sondag 22 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 2

Fokusgedeelte: Openbaring 2:4

Is ons getrou aan die Here Jesus? (5)

Dit is tog duidelik dat ons onself voor die troon van die Here sien as ons hierdie brief aan die Efesiërs lees. Daarom word dit net so dringend vir ons gesê: Bekeer jou! Doen jou eerste werke, anders kom Ek gou na jou toe en sal jou kandelaar van sy plek af verwyder as jy jou nie bekeer nie!

God het ons al in sy liefde besoek. Dit is nou mos die lydenstyd, en dan veral herdenk ons die lyde van Jesus Christus. Jesus Christus het baie smaad en veragting gely omdat sy enigste en eerste liefde God is. Christus was as mens so pligsgetrou in die beoefening van sy eerste liefde dat Hy gaan sterf vir die voorreg dat ons dit ook mag doen. Hy moet sy lewe gee sodat dit vir ons moontlik kan word om ook ons eerste liefde op God te rig, en om ons eerste liefde nooit te verlaat nie. Hy verwerf dit ook met sy opstanding.

Dit is juis die genade van God in Jesus Christus wat dit vir ons bewerk dat ons nooit meer deur sy liefde verlaat kan word nie. Maar dit bring ons ook weer by die gevaarpunt, want in die werk van Jesus Christus val God se oordeel en genade saam. Hierdie twee lyne kruis mekaar op Golgota. Die genade is dat Jesus sterf sodat ons God kan liefhê deur sy verdienste. Maar Hy sterf ook sodat ons geen liefde van God gaan ontvang as ons ons eerste liefde verlaat het nie. Dit is die oordeel: God gaan ons straf as ons uitsak in ons liefdesbetoon teenoor Hom. Jesus se kruisdood is meer werd as om dit met geloofslamsakkigheid te ontvang en te beleef.

Daarom staan hier aan die einde: *Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeente sê. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die boom van die lewe wat binne-in die paradys van God is.*

Sing: Psalm 19-1:7

Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)